– Nellie Alberts

# Elke **hond** kry sy **dag**

"Ma, Funeka het vandag haar hond skool toe gebring."

Dean se ma hou op om skottelgoed te was. "Funeka?"

"Ja, Ma, sy is mos 'n diabeet. Sy sê dis 'n mediese hond. Hy gaan nou elke dag saamkom."

"Mediese hond?"

Kan sy ma tog nie ophou soos 'n papegaai alles herhaal nie? Sy weet tog wat hy wil hê. "Sy naam is Cesar en hy's 'n deurmekaar soort hond, Ma."

"Deurmekaar ...?"

Daar doen sy dit weer! Ai! "Funeka sê hulle weet nie watse soort hond Cesar is nie. Sommer 'n pavement special."

Sy ma begin die skoon skottelgoed in die afdroograk pak.

"Luister Ma?"

Sy ma sug, droog haar hande af en draai na hom. "Nee, Dean. Jy kan NIE 'n hond kry nie. Ons het mos daaroor gepraat."

Ja-nee, sy is hom altyd een tree voor; sy weet goed waarop hy afstuur.

"Ma, Funeka se hond is fantasties. Hy help haar met haar siekte; as haar bloedsuiker val, waarsku Cesar betyds iemand, soos juffrou Carstens of Funeka se ma. Dan gee Juffrou vir Funeka haar medisyne en sy gaan nie soos altyd in 'n koma nie."

Dean sien dat sy ma die storie interessant vind. Sy gaan sit by die kombuistafel. "Hoe weet die hond Funeka se bloedsuiker gaan val?"

"Die wetenskaplikes weet nog nie vir seker nie, Ma. Funeka sê hulle dink die hond ruik iets, chemiese stowwe wat die liggaam afgee lank voor die diabeet agterkom sy suiker het geval."

"Jy weet darem baie. Het jy met Funeka daaroor gesels?"

"Sy't vir mondeling gepraat oor haar siekte, Ma. En net voor pouse moes sy medisyne kry, maar sy't nie geweet nie. Toe kom sê Cesar vir haar!"

Sy ma lag. "Hoe het die hond dit 'gesê', Dean? Honde kan tog nie praat nie."

"Cesar kan. Hy't heeltyd doodstil by Funeka se voete gelê; toe staan hy skielik op en gaan sit by haar. En toe sit hy sy poot op haar been. Toe weet sy sy moet medisyne kry."

"H'm, dit sal wonderlik wees vir Funeka se huisgesin. Nou hoef hulle hul nie heeltyd oor haar te bekommer nie. Haar ma het eenkeer gesê sy en haar man maak snags beurte om te gaan kyk of Funeka oukei is." Sy ma staan op. "Dis seker 'n duur storie om so 'n hond op te lei."

"Ma?" Dis nou of nooit. "Ma weet Dieter se oom wat by die veediefstaleenheid is ...?

"Oom Vernon?" Sy ma lig haar wenkbroue.

Sou sy weet wat kom?

"Dis hy, Ma. Dieter sê oom Vernon moet 'n nuwe hond kry. Laika is al te oud, sy word tien en dan moet sy aftree."

"Laika? Hoe ken jy die hele dorp se honde se name, Dean?"

"Maar Ma, Laika is tog beroemd! Sy het al honderde veediewe gevang. Sy is die beste spoorsnyhond ooit. Sy is geleer om mensreuke in die lug te soek, 'n lugsnuifhond."

"Dean." Sy ma sug weer. "Jy kan nie 'n hond kry nie. Jy weet tog; ons het al so baie gepraat ..."

"Maar Ma! Laika is 'n ou hond. Ma het gesê Ma sien nie kans vir 'n stout klein hondjie wat gate grawe en goeters stukkend kou nie. Laika is 'n geleerde hond; sy het baie goeie maniere. En ek sal mooi na haar kyk." Hy sluk aan die dik gevoel in sy keel. Vandat hy kan onthou, wou hy 'n hond gehad het, maar sy ma hou nie van honde nie; sy sê hulle is vol kieme en los oral hare. As sy net vir Laika kan ontmoet. Sy is die mooiste hond wat hy nog ooit gesien het; sy is, nes Cesar, ook nie 'n stamboekhond nie. *Canis africanis*, sê oom Vernon.

"Ons moet maar hoor wat jou pa sê." Sy draai om en loop waskamer toe.

Jippeeeee! Hy gooi sy hande in die lug. As sy ma eers sê hulle moet sy pa vra, dan is die saak gewonne. Sy pa hou ook van honde.

"Maar die eerste keer dat ek jou hond moet kos gee of skoonmaak waar sy gemors het, gaan sy reguit dierebeskerming toe," kry sy ma die laaste woord in.

Dean hang Laika se leiband agter die kombuisdeur en maak haar bak vol water. Hy en Laika het laatmiddag tot by die rivier gestap; Funeka en Cesar was ook saam. Funeka en Cesar het weggekruip en Laika moes hulle soek. Binne sewe minute het hy Laika hoor blaf. Sy het haar "prooi" gevind.

"Soet hond!" sê hy en vryf oor haar heuningbruin kop.

Sy waai haar stert en begin water oplek. Dis nou al drie maande vandat Laika ingetrek het. Dean kan nie dink hoe dit was voor Laika gekom het nie.

Sy ma is besig op die foon. Laika sak met 'n kreun by sy ma se voete neer en Dean glimlag. Dis die grootste grap – sy ma wat so teen 'n hond was, is skoongeboul deur Laika. As hy nie by die huis is nie, volg Laika sy ma oral. Sy ma wil nog net nie toelaat dat Laika by hom in sy kamer slaap nie, maar hy werk daaraan.

"Dit was buurvrou Annie. Oom Sarel Duvenage is weg," sê sy en kyk na sy pa. "Glo al van vroegoggend af."

"Weet die polisie?" vra sy pa.

"Hulle soek glo al van elfuur af, die bure ook." Sy sit die foon terug op die mikkie. "Jy weet, dit gaan binne 'n uur donker raak en die nagte is al bitter koud."

"Arme tant Sielie. Sy moet erg bekommerd wees." Sy pa staan op. "Ek sal gaan hoor of ek nie kan help nie. So 'n oumens sal dalk nie 'n nag in die buitelug oorleef nie."

Dean is jammer vir oom Sarel. Die oom en tannie Sielie bly in die volgende straat; oom Sarel het altyd die skoolbus bestuur, maar hy moes 'n paar jaar gelede aftree omdat sy kop so deurmekaar geraak het. Een Saterdag op pad na 'n sportbyeenkoms op die buurdorp het hy die verkeerde pad gevat. Gelukkig was daar van die ouer kinders op die bus wat agtergekom het oom Sarel ry verkeerd, maar toe was hulle al amper in Upington. Van toe af is hy nie weer toegelaat om te bestuur nie.

"Kan ek ook kom help, Pa?"

"Jong, dis skool môre. Ek weet nie."

Terwyl sy pa na sy ma kyk, spring Dean op; hy het 'n blink idee. "Kan Laika saamkom? Dalk kan sy oom Sarel se reuk volg."

"Sal Laika dan nog weet hoe?"

"Sy sal, Pa. Laika is rêrig goed met spore en reuke."

Sy pa vra nie verder uit nie en Dean sê ook niks van hoe hy Laika se neus gereeld toets met allerhande goeters wat hy vir haar wegsteek in die tuin of huis wat sy dan gewoonlik baie vinnig vind nie.

Laika staan al by die deur en stert swaai. Hy kan sien sy weet iets is aan die gang, want sy trippel rond. Hy haal haar leiband van die haak af.

"As ons nie binne die volgende halfuur iets kry nie, sal ons moet omdraai, Dean," sê sy pa later. "Dis 'n skooldag môre en dis al amper tienuur."

Dean is bly dat die meeste soekers en nuuskieriges al huis toe is. Te veel mense maak dit vir Laika moeilik om haar werk te doen. Dis baie donker, maar hulle dra kopligte en sy pa gooi kort-kort 'n sterk ligstraal met sy flits oor die omgewing. Hulle is op 'n stappaadjie naby die ou swaaibrug oor die rivier. Die brug is afgekamp, want dis nie meer veilig vir gebruik nie. Oral lê papiere en blikke rond.

Laika soek nog heeltyd in sirkels, maar skielik draf sy reguit, asof sy presies weet waarheen sy op pad is. Dean se asem jaag soos hy sukkel om by te hou; sy pa raak agter.

*Waf-waf-waf!*

Dis die teken!

Laika het iets gekry. Iets of iemand. As hulle tog net nie te laat is nie ... Hy wag tot sy pa by hom kom. "Sy staan daar by die draad en blaf, Pa. Daar is iets op die ou brug."

"Wag," keer sy pa toe Dean deur die draad klim. "Die brug is nie veilig nie. Laat ek liewer gaan kyk."

"Ek weeg minder as Pa; ek sal baie versigtig wees, ek belowe." Dean toets die hout se houvermoë met elke tree wat hy gee. Hy sien 'n donker voorwerp twintig tree van die wal af op die swaaiende brugplanke.

"Oom Sarel?" roep hy terwyl hy naderskuifel. Van die brugplanke is los. Sy hart klop in sy keel. Hy moenie nou verkeerd trap nie. Sy koplig se strale weerkaats iemand se brilglase. Dit IS oom Sarel! "Is Oom oukei?"

Dean bly by die oom terwyl sy pa die nooddienste op sy selfoon bel.

Oom Sarel is baie deurmekaar en kla oor sy enkel wat seer is. Die oom word baie bang as die brug net effentjies swaai. *"Hokaai! Hokaai!"* roep hy elke keer en kyk verward om hom rond.

"Toemaar, oom Sarel, Oom sal nou-nou weer by die huis wees," troos Dean aanmekaar.

Die rivierwater raas oor die klippe en die brug swaai liggies in die wind. Dean is bly toe die ambulansmanne opdaag; hy het ook al benoud geraak.



"Afgetrede hond red bejaarde van gewisse dood," lees Dean oor sy ma se skouer. "Kyk, Ma, daar's 'n foto van Laika ook!"

Sy ma vou die koerantblaaie en kyk op. "Hulle sê hier oom Sarel het gisteroggend by die rivier gaan stap en sy enkel geswik. Toe hy kortpad huis toe wou vat, het hy deurmekaar geraak en op die brug beland." Sy stoot haar bril hoër op haar neus. " 'Mevrou Sielie Duvenhage sê haar man het nog altyd 'n onnatuurlike vrees vir swaaibrûe gehad. Sy dink hy was te bang om te beweeg toe die brug swaai en het toe die hele dag daar bly sit,' " lees sy verder.

"Ma, koue is sleg vir oumense, nè, Ma?"

"Baie sleg. Oom Sarel kon dood gewees het."

"Maar dan is dit mos ook sleg vir Laika om snags in die koue kombuis te slaap, of hoe, Ma?"

"Mannetjie, jy soek moeilikheid."

Sy ma probeer om nie te glimlag nie en Dean weet sommer: Een van die dae slaap Laika voor sy bed. Gee net kans.